**HILLCREST HIGH SCHOOL**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 2**

**NOVEMBER 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING.</u>

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   Afdeling A: Gedigte 30 punte

   Afdeling B: Kortverhale en filmstudie 40 punte

   Beantwoord al die vrae in hierdie afdelings.

2. Lees die instruksies baie goed.

3. Begin elke afdeling op ŉ skoon bladsy.

4. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.
   Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman, Combink of Ramdhani.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A:  Gedigte

Beantwoord die vrae oor AL DRIE gedigte wat jy bestudeer het.

Vraag 1:  Die wêreld het so klein geword (Alta Marincowitz)

Toe my ouma ŉ kind was, speel speel hulle op die wye vlakte,
deel granate in die boord,
lees boeke in hulle soeke na kennis
en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

As kind bly my ma op ŉ ruim erf
met ŉ grasperk en twee bome,
sit sy vasgenael voor die kassie –
vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
Sy ken mense wat al oorsee was!
Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

Ek klik met ŉ muis die wêreld tot in my huis,
die web is my werf en Gumtree my boom.
Ek is deel van ŉ boek waar mense hul gesigte
gedeeltelik ontsluier en klankloos klets en kuier.
Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
en met ŉ ieder en elk in verbinding bly.
Die moontlikhede is duisligwek-
kend GROOT en die wêreld het so
klein geword dit pas in die
twaalf vierkante
meter van my
kamer
in.



1.1. Hoeveel generasies se leefruimtes word in hierdie gedig bespreek? (1)

1.2. In strofe 1 word die woord "speel" herhaal.  Wat is die funksie hiervan? (1)

1.3. Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin korrek te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die ouer generasie het toegang tot (beperkte/onbeperkte) inligting gehad. (1)

1.4. Verduidelik in jou eie woorde wat eienaardig (snaaks) was omtrent die telefone in ouma se dae.  Noem 1 feit. (1)

1.5. Stem jy saam met die volgende stelling:

In die ma se generasie was dit nie algemeen om oorsee te reis nie.

Haal ‘n versreël aan om te motiveer waarom jy so sê. (1)

1.6. Haal ‘n voorbeeld van ALLITERASIE uit strofe 2 aan. (1)

1.7. Pas die generasie in kolom A by die inhoud van die strofe in kolom B.
Skryf slegs die vraagnommers en die letters neer.

| | **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|---|
| 1.7.1. | Die ouma se strofe | A. Het geen spasie nie |
| 1.7.2. | Die ma se strofe | B. Praat met mense wat nie baie ver weg is nie |
| | | C. Leer voor die televisie. |

(2)

1.8. Kyk na versreël 13. “die web is my werf”

Watter vorm van beeldspraak kom hier voor? (1)

1.9. Kies die sin wat die tema van hierdie gedig die beste saamvat.
Skryf slegs die vraagnommer en die LETTER neer.

A. Deesdae kommunikeer en leer mense via die internet.
B. Elke generasie het sy eie manier van kommunikeer en leer.
C. Die ou manier van leer en kommunikeer is die beste. (1)

(10)

## Vraag 2: Susan Boyle (Kobus Grobler)

1 daar staan jy inskrywing 43212
2 voor die pilatusse van *Britain's got talent*
3 aangeja soos 'n skaap
4 misrabel vaal in die lig verguis
5 die monobrou en die kapsel raam
6 jou vertelsel van 'n klein Nasaret
7 Simon spot, skares jou uit:
8 Jy is die grap van die jaar

9 met die eerste woorde van *I dreamed a dream*
10 het jy vanuit vernederende vooroordeel
11 hulle en miljoene ander op YouTube
12 in ongeloof laat aanskou
13 hoe jy jare se troeteltalent
14 aan die hele wêreld skenk

2.1. Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Na haar oudisie het die gehoor en beoordeelaars gedink dat Susan Boyle die (ster/grap) van die jaar was. (1)

2.2. Noem 2 aspekte van Susan se voorkoms wat nie baie mooi was nie. (2)

2.3. Lees versreël 3.

Watter vorm van beeldspraak kom hier voor? Kies die KORREKTE antwoord en skryf dan die vraagnommer en die LETTER neer.

A. Personifikasie
B. Metafoor
C. Vergelyking (1)

2.4. Lees versreël 2.

2.4.1. Uit watter boek lees ons van die oorspronklike Pilatus? (1)
2.4.2. Vir wie het die oorsproklike Pilatus beoordeel? (1)
2.4.3. Hoeveel pilatusse was daar op die aand van Susan Boyle se oudisie? (1)

2.5. Kyk na versreël 7. Wat is Simon se rol in Britain's got talent? Wees spesifiek. (1)

2.6. Strofe 1 van hierdie gedig bestaan uit 8 versreëls. Wat noem ons só 'n strofe? (1)

2.7. Wat is die tema van hierdie gedig? Skyf jou antwoord in ‘n goeie VOLSIN neer. (1)

(10)

<u>Vraag 3: Sefapano (Johan Lodewyk Marais)</u>

Kruis
na die
opslaan
ons oë
waarheen ons
op die berg
ditapole
mekopu
poone
dikgoho
dipodi
dipere
dikgomo
vir reën
gaan bid
sing
met ʼn stok
agter die moruti
werksklere
mans in
komberse
vroue met kopdoeke
stofbesaai
deur die suurveld
beweeg
begin die stoet
kom hulle bymekaar
van Hlomisa
aan die voet

3.1. Gee die Afrikaanse betekenis van die woord: Sefapano. (1)

3.2. Pas die woorde in KOLOM A by die Afrikaanse betekenisse in KOLOM B. Skryf slegs die nommers en die letters neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.2.1. | dipere | A | pampoen |
| 3.2.2. | mekopu | B | mielies |
| | | C | perde |

(2)

3.3. Sê in jou eie woorde wat uniek is omtrent hierdie gedig. (1)

3.4. Waarom beweeg die mans en vrouens <u>agter</u> die moruti ? (1)

3.5. Watter woord dui aan dat die veld dor of droog is ? (1)

3.6 Watter graansoort in die gedig is ŉ stapelvoedsel ? (1)

3.7. In die gedig, word slegs 2 woorde met hoofletters geskryf. Die een is Hlomisa, en dit is ŉ pleknaam. Waarom dink jy, word die ander woord met ŉ hoofletter geskryf ? (1)

3.8. Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die korrekte antwoord neer.

Waarom is daar ŉ kruis bo-op Hlomisa berg ?

* Die Reënmaker het dit daar geplaas.
* Die spreker se vader het dit daar geplaas.
* Die mense het dit daar geplaas om te gaan bid. (1)

3.9. Daar is ŉ goeie rede waarom die digter die beeste eerste plaas in die lys van diere wat saam met die mense beweeg.

Verduidelik in jou eie woorde waarom dit so is. (1)

(10)

Sub-Totaal Afdeling A: 30

**Afdeling B: Kortverhale**

Beantwoord die vrae oor AL DRIE kortverhale wat jy bestudeer het.

Vraag 4: Donker nag ( Hans du Plessis)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Die bliksemstraal en die donderslag tref die boom langs die restaurant gelyktydig. Toe is dit donker. Klara laat die skinkbord met die leë borde donderend val. Dan is dit stil. Al wat sy in die flikkerende kerslig sien, is die paar verskrikte gesigte van die mense wat nog in die restaurant sit.
>
> "Die krag is af," hoor sy iemand sê.
>
> Dan die fletsende blou van die volgende straal, die slag. Buite val die reën. Iemand in 'n reënjas storm by die deur uit, struikel by die trap af. Toe die mens in die jas sukkelend orent kom, slaan die weer: hulle sien die mens ruk toe die straal tref, agteroor stort en doodstil bly lê. Die man by tafel 6 spring op en storm buitetoe. Hulle kan sien hoe hy oor die stil liggaam buite buk.

4.1. Hoekom was dit donker in die restaurant? (1)

4.2. Klara het daardie aand ongemaklik gevoel in die restaurant.

4.2.1. Wat omtrent haar kleredrag het haar ongemaklik laat voel? (1)

4.2.2. Hoe het die man by tafel 4 bygedra tot Klara se gevoel van ongemak? (1)

4.3. Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Klara se (opleiding/opstanding) as kelnerin het gehelp dat sy daardie aand kon aanhou glimlag toe die man by tafel 4 aan haar probeer vat het. (1)

4.4. Hoekom was nie een van Klara se huismaats daardie aand by die studentehuis nie? (1)

4.5. Noem 2 moontlike redes waarom Klara daardie aand skrikkerig was om huis toe te gaan. (2)

4.6. Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul.
Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers neer.

Die man by tafel 4 het daardie aand (4.6.1)_______________ gedrink. Hy het vir Klara gevra of sy 'n (4.6.2.)______________ huis toe wou hê. Gelukkig het Klara haar eie (4.6.3.)___________. (3)

(10)

Vraag 5: Die engelman (vir Cila) (Izak de Vries)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

| |
|---|
| Natalie het daardie ver kyk in haar oë gehad toe sy *Possession* toegemaak het. Hy't haar sit en dophou, gesien hoe die bladsye minder word en toe, toe sy tussen die roesemoes van ander die boek toemaak en so vér kyk, toe gaan praat hy met haar. Hulle was onafskeidbaar sedertdien. |

5.1. Dink jy dat Chris regtig so lief was vir Natalie?

Skryf 'n sin in jou eie woorde wat jou antwoord motiveer. (1)

5.2. Lees die uittreksel hieronder.

| |
|---|
| Dis vreemd hoe Pa-hulle steeds in hokkies dink. |

5.2.1. Wat is dit omtrent Silina wat Chris se pa sou pla? (1)
5.2.2. Wat dra Silina wat vir ons aandui dat sy 'n Christen is? (1)
5.2.3. Daar is nog iets wat Silina doen wat vir ons bewys dat sy 'n Christen is. Wat is dit? (1)

5.3. Watter sin pas nie?
Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

A. Boeke en flieks hou hom reg in die kop.
B. Hy hou daarvan om met ander Suid-Afrikaners in die kroeg te kuier.
C. Hy wil 'n private kamer huur wanneer hy studeer.
D. Hy wil nie hê dat sy ouers vir sy studies moet betaal nie. (1)

5.4. Watter graad wil Chris volgende jaar studeer? (1)

5.5. Stem jy saam met die onderstaande stelling?

Chris was suksesvol as 'n taxibestuurder.

Motiveer jou antwoord in jou eie woorde. (1)

5.6. Hoe het Chris daardie dag vir Silina en haar maats gehelp? (1)

5.7. Hoe het Chris en Silina later daardie aand met mekaar gekommunikeer? (1)

5.8. Waar gaan Chris en Silina ontmoet? (1)

(10)

Vraag 6:  Verneukkind (Fanie Viljoen)

Lees die onderstaande uittreksel en beanwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Nou lê sy en luister. ‘n Weerligstraal flits teen die venster. Dadelik sit sy regop, haar oë vasgenael op die ruit. Toe die slag. Sy skrik. Die klank kom altyd later. Hoe verder die weerlig en donderweerklank uitmekaar is, hoe verder weg is die donderweer; dit het sy in die skool geleer. Maar dit maak nie vir Jessica saak nie. Donderweer is donderweer. |

6.1. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer.

Die leuen wat ouma Kytie vir Jessica vertel het, is dat...

A. haar ma net vir ‘n rukkie weg is.
B. haar ma sal terugkeer wanneer sy reg is om’n ouer te wees.
C. haar ma sal terugkeer as daar sewe donderslae na mekaar is.
D. haar ma haar by ouma Kytie gelos het omdat sy nie die kind kon oppas nie. (1)

6.2. Jessica het ‘n ouma. Sy is nie die tradisionele tipe ouma nie.
Noem 1 ding wat ouma Kytie doen wat verkeerd is. (1)

6.3. Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies om die sin korrek te voltooi.

Jessica word elke keer ( kwaad / opgewonde) as daar ‘n donderstorm is. (1)

6.4. Rangskik die volgende gebeure in die KORREKTE volgorde soos hulle in die kortverhaal plaasvind.

Skryf die sinne oor in die korrekte volgorde.

A. Jessica sê dat haar ouma allergies is vir vis.
B. Jessica kies ‘n pakkie hoender wat sy vroeër weggesteek het.
C. Jessica kies ‘n vrou by wie sy gaan bedel.
D. Jessica vra of sy die brood kan ruil vir aartppels. (4)

6.5. Jessica droom daarvan dat haar ma sal terugkeer om haar te kom wegvat.
Noem 1 spesifieke ding waaroor sy droom as haar ma sou terugkeer. (1)

6.6. Noem 1 ooreenkoms tussen dié kortverhaal en ‘n tradisionele sprokie. (1)

6.7. Jessica is die fokalisator in hierdie kortverhaal. Wat beteken dit?
Skryf jou antwoord in jou eie woorde in ‘n goeie volsin neer. (1)

(10)

Vraag 7:  Filmstudie:  Semi-Soet

Lees die onderstaande resensie oor die film, Semi-Soet en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Uiteindelik!  Afrikaanse komedie werk!**




1. Semi-Soet is werklik snaaks, bevat geen schmaltz nie, net hope plaaslike talent.  Veral Nico Panagio beïndruk.

2. Uit die staanspoor uit beïndruk Scramble Productions met 'n wêreldklas-produksiekwaliteit – van die inleiding animasie tot die stilering en fotografie.  Semi-Soet kan kompeteer met internasionale films.

3. Die Afrikaans is gemaklik en nie pretensieus nie. Die film is in en om Johannesburg se nuwe Braamfontein-ontwikkelings geskiet.  Die kantore, woonstelle en restaurante is stylvol, kontemporêr en kyk uit oor die ikoniese Johannesburg horison.

4. Die humor is uit die boonste rakke uit. Ek was alleen in die teater tydens die voorskou, maar het hardop gelag en tydens die babaolie toneel vooroor gesit en trane afgevee.

5. Alhoewel die hele span akteurs uitstekend was, het Nico Panagio (JP) en Louw Venter (Hertjie) kop en skouers bo almal uitgestaan. Hulle 'comedic timing' was foutloos en Nooit oordramaties nie. Diaan Lawrenson se volle potensiaal is egter nie gebruik nie.

6. Dié romantiese komedie het boonop hart en siel. Die storie rondom die eienaar van die wynplaas en sy afgestorwe vrou is aangrypend. Die tema van die donker en lig van liefde word deur die hele film gevleg.

**7. Vir wie sal ek dit aanbeveel?**

8. Absoluut almal. Oud en jonk. Afrikaans of Engels. Dit is 'n hoë kwaliteit Afrikaanse komedie wat die grootste suurknol sal laat grinnik.

9. Semi-Soet is een Afrikaanse film wat ek sonder twyfel kan aanbeveel.

Bron: Verwerk uit: https://www.netwerk24.com/sarie/Argief/semi-soet-resensie-uiteindelik-afrikaanse-komedie-wat-werk-20170914

7.1. Haal 1 woord uit die teks aan wat aandui dat die film, Semi-Soet, met enige land se films kan kompiteer. (1)

7.2. Wat is die naam van JP Basson se maatskappy? (1)

7.3. Verduidelik hoekom JP van vooraf 'n nuwe maatskappy moes opbou na sy pa se dood. (1)

7.4. Watter woord in die teks dui aan dat die eienaar van die wynplaas se vrou oorlede is? (1)

7.5. In paragraaf 5 staan: "Die humor is uit die boonste rakke uit."

Wat beteken dit?

Kies die korrekte antwoord en skryf dan die vraagnommer en die letter neer.

A. Die humor is maklik om te vertaan.
B. Die humor is moeilik om te verstaan.
C. Die humor is topklas.
D. Die humor is vlak. (1)

7.6. In paragraaf 6 word daar gepraat van 'n wynplaas.

7.6.1. Gee die naam van die wynplaas. (1)
7.6.2. Wie is die eienaar van die wynplaas? (1)

7.7. Voltooi die sin deur die naam van die voetpad in te vul.

Skryf slegs die vraagnommer en woord neer.

JP en Jaci het saam langs die __________ voetpad gaan stap. (1)

7.8. Verduidelik hoe Markus in Jaci se verlede inpas. (1)

7.9. Haal ‘n sin aan wat aandui dat die skrywer van dié resensie nie twee keer sal dink om die film te verkondig nie. (1)

(10)

Sub-totaal afdeling B: 40

GROOTTOTAAL:70